KLK LANDBOU BEPERK

REG.NR. 1997/015589/06

ONGEOUDITEERDE GROEPSRESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2018

OPSTELLINGSGRONDSLAG

Die rekeningkundige beleid wat gevolg is by die voorbereiding van die Ongeouditeerde tussentydse Groepsresultate is dieselfde as dit wat gegeld het, en beskryf is, in die Geouditeerde Finansiële jaarstate vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018. Daar was geen verandering in beleid of interpretasie toegepas deur die Groep, sedert 1 Maart 2018, wat 'n wesenlike impak op die Groep se resultate of finansiële posisie het nie.

KOMMENTAAR

FINANSIËLE OORSIG

Die verdienste van R24.7 miljoen, vir die ses maande geëindig 31 Augustus 2018, verbeter met 21.1% vergeleke met die ooreenstemmende periode van die vorige jaar.

Die beter Groepsresultate word hoofsaaklik toegeskryf aan Carpe Diem Raisins se hoër verkoopsvolume en beter internasionale markpryse. Die Landbou Handelsafdeling en SA Dorper het beter presteer, terwyl die Vleis- en die Motorafdeling, met onderskeidelik laer slagvolumes en minder motoreenhede verkoop, swakker presteer het en die Brandstofafdeling se winste is in lyn met die ooreenstemmende periode van die vorige jaar, nieteenstaande laer diesel-liters.

Die Groepsinkomste het met 15.9% toegeneem tot R1 268.2 miljoen, hoofsaaklik weens Carpe Diem Raisins se hoër internasionale prysvlakke en die hoër verkoopsvolume, asook die Handelsafdeling se hoër voerverkope en verhoogde brandstofpryse. Brandstofpryse vir petrol- en dieselverkope was onderskeidelik 12.9% en 16.0% hoër as die vorige jaar, terwyl lam- en skaapverkooppryse en beeskarkaspryse met onderskeidelik 9.8% en 6.1% hoër was.

Die bedryfskapitaal het vanaf 28 Februarie 2018 met R88.6 miljoen vermeerder en is saamgestel uit 'n R78.2 miljoen toename in voorraad, terwyl handelsdebiteure met R51.9 miljoen en handelskrediteure met R41.5 miljoen toegeneem het. Die kontantposisie van die Groep het met R77.8 miljoen tot 'n negatiewe R15.7 miljoen verswak, hoofsaaklik as gevolg van die hoër voorraad- en debiteure vlakke, asook die betaling van R14.7 miljoen se dividend.

VOORUITSIGTE

Die Direksie verwag dat handels- en landboutoestande gedurende die tweede sesmaande-periode ietwat sal verbeter en dat die voljaarwins, gevolglik beter as die vorige jaar kan wees.

DIVIDENDE

Geen tussentydse dividend word verklaar nie aangesien dit maatskappybeleid is om slegs 'n eenmalige dividend na die afhandeling van die finansiële jaar te oorweeg.

OMSIGTIGHEIDSAANKONDIGING

Aandeelhouers van KLK Landbou Beperk ("KLK") word in kennis gestel dat Subtropico Beperk ("Subtropico") die Direksie van KLK in kennis gestel het dat dit Subtropico se voorneme is om KLK se Direksie by 'n latere geleentheid in kennis te stel van Subtropico se vaste voorneme om 'n aanbod, soos beoog in Regulasie 101 van die Maatskappyregulasies, 2011 (soos geproklameer in terme van die Maatskappyewet, No 71 van 2008, soos gewysig), te maak aan al die aandeelhouers van KLK, met die uitsondering van Subtropico.

KLK is nie in onderhandelinge met Subtropico nie en plaas hierdie aankondiging bloot uit die oorvloed van omsigtigheid, insluitende om spekulasie aangaande die bogenoemde moontlike aanbod te vermy.

KLK aandeelhouers word vervolgens aangeraai om omsigtig handel te dryf in hulle aandele tot 'n verdere aankondiging gemaak word.

Met volmag van die Direksie op 27 September 2018.

JS Marais
Voorsitter

JPN Stander
Vise-voorsitter

SD van Huyssteen
Besturende Direkteur

DIREKTEURE

JS Marais (Voorsitter/Chairman), JPN Stander (Vise-voorsitter/Vice-Chairman), dr BP Botha (Alt. BP Botha), WSB du Toit, A Human (Finansieel/Financial), VJ Klein, AR Kotzé, GC Olivier, SD van Huyssteen (Besturend/Managing).

GEREGISTREERDE KANTOOR

Adres: Karakoelstraat 14, Upington 8801
Posadres: Posbus 86, Upington 8800
Telefoon: 054 337 6200
Webwerf: www.klk.co.za

KLK LANDBOU BEPERK
REG.NR. 1997/015589/06
ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2018

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

	Ongeouditeer 31 Augustus 2018 R'm	Ongeouditeer 31 Augustus 2017 R'm	Geouditeer 28 Februarie 2018 R'm
BATES			
Nie-bedryfsbates			
Eiendom, aanleg en toerusting	222.3	183.5	210.1
Beleggingseiendomme	3.5	3.5	3.5
Klandisiewaarde	32.0	29.2	28.7
Uitgestelde belasting	11.9	9.8	11.9
	269.7	**226.0**	**254.2**
Bedryfsbates			
Voorraad	270.5	248.5	192.3
Handels- en ander debiteure	179.1	158.2	127.2
Kontant- en kontantekwivalente	56.7	36.3	78.8
	506.3	**443.0**	**398.3**
Totale bates	**776.0**	**669.0**	**652.5**
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE			
Ekwiteit			
Aandelekapitaal	17.2	17.2	17.2
Verdeelbare reserwes	332.2	304.3	319.2
	349.4	321.5	336.4
Buiteaandeelhouersbelang	107.1	86.7	93.5
	456.5	**408.2**	**429.9**
Nie-bedryfslaste			
Uitgestelde belasting	14.1	12.1	14.0
Langtermynlenings	10.7	17.2	14.3
Uitgestelde staatsubsidie	10.7	5.4	7.6
	35.5	**34.7**	**35.9**
Bedryfslaste			
Bankoortrekkings	72.4	77.8	16.7
Korttermyngedeelte van langtermynlenings	5.2	4.7	5.2
Korttermyngedeelte van uitgestelde staatsubsidie	1.4	0.5	1.4
Handels- en ander krediteure	203.6	141.9	162.1
Buiteaandeelhouerslenings	1.4	1.2	1.3
	284.0	**226.1**	**186.7**
Totale laste	**319.5**	**260.8**	**222.6**
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede	**776.0**	**669.0**	**652.5**

KLK LANDBOU BEPERK
REG.NR. 1997/015589/06
ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2018

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

	Verandering in eienaarskap R'm	Aandele-kapitaal R'm	Reserwes R'm	Totaal R'm	Buiteaandeel-houersbelang R'm	Totale Ekwiteit R'm
Saldo op 1 Maart 2017	**(0.4)**	**17.2**	**284.3**	**301.1**	**77.3**	**378.4**
Omvattende inkomste vir die tydperk	-	-	20.4	20.4	7.8	28.2
Uitreiking van aandele	-	-	-	-	1.6	1.6
Saldo op 31 Augustus 2017	**(0.4)**	**17.2**	**304.7**	**321.5**	**86.7**	**408.2**
Omvattende inkomste vir die tydperk	-	-	25.9	25.9	7.0	32.9
Dividende	-	-	(11.1)	(11.1)	-	(11.1)
Terugkoop van aandele	0.1	-	-	0.1	(0.2)	(0.1)
Saldo op 1 Maart 2018	**(0.3)**	**17.2**	**319.5**	**336.4**	**93.5**	**429.9**
Omvattende inkomste vir die tydperk	-	-	24.7	24.7	14.9	39.6
Uitreiking van aandele	-	-	-	-	1.7	1.7
Dividende	-	-	(11.7)	(11.7)	(3.0)	(14.7)
Saldo op 31 Augustus 2018	**(0.3)**	**17.2**	**332.5**	**349.4**	**107.1**	**456.5**

KLK LANDBOU BEPERK
REG.NR. 1997/015589/06
ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2018

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Ongeouditeer 31 Augustus 2018 R'm	Ongeouditeer 31 Augustus 2017 R'm	Geouditeer 28 Februarie 2018 R'm
Verkope	1,268.2	1,093.8	2,165.2
Koste van verkope	(1,044.2)	(897.9)	(1,784.4)
Bruto wins	**224.0**	**195.9**	**380.8**
Ander inkomste	17.5	13.0	18.0
Uitgawes	(185.4)	(169.3)	(313.5)
Bedryfswins	**56.1**	**39.6**	**85.3**
Beleggingsinkomste	3.9	4.4	6.2
Finansieringskoste	(5.0)	(4.8)	(7.6)
Wins voor belasting	**55.0**	**39.2**	**83.9**
Inkomstebelasting	(15.4)	(11.0)	(22.8)
Wins na belasting	**39.6**	**28.2**	**61.1**
Ander omvattende inkomste	-	-	-
Totale omvattende inkomste	**39.6**	**28.2**	**61.1**
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:			
Eienaars van die houermaatskappy	24.7	20.4	46.3
Buiteaandeelhouersbelang	14.9	7.8	14.8
	39.6	**28.2**	**61.1**

KLK LANDBOU BEPERK
REG.NR. 1997/015589/06
ONGEOUDITEERDE RESULTATE VIR DIE SES MAANDE GEËINDIG 31 AUGUSTUS 2018

GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

	Ongeouditeer 6 maande geëindig 31 Augustus 2018 R'm	Ongeouditeer 6 maande geëindig 31 Augustus 2017 R'm	Geouditeer 12 maande geëindig 28 Februarie 2018 R'm
Kontant uit bedryfsaktiwiteite			
Kontant gegenereer deur bedrywighede	(28.2)	(34.4)	119.6
Beleggingsinkomste	3.9	4.4	6.2
Finansieringskoste	(5.0)	(4.8)	(7.6)
Belasting betaal	(11.7)	(10.9)	(20.1)
Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite	**(41.0)**	**(45.7)**	**98.1**
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite			
Verkryging van eiendom, aanleg en toerusting	(20.9)	(14.2)	(48.6)
Verkoop van klandisiewaarde	(3.3)	(3.3)	(3.3)
Verkryging en verhoging van belange in filiale	(1.6)	(1.7)	(1.7)
Klandisiewaarde gerealiseer/verhaal	-	-	0.4
Verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	0.4	0.1	1.3
Netto kontant uit beleggingsaktiwiteite	**(25.4)**	**(19.1)**	**(51.9)**
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite			
Aandele teruggekoop van filiaal	-	-	(0.1)
Aandele uitgereik in filiaal	3.3	3.3	3.3
Staatsubsidie ontvang	3.5	-	4.7
Verkryging/(terugbetaling) van langtermynlenings	(3.5)	(3.9)	(4.7)
Dividende betaal	(14.7)	-	(11.2)
Netto kontant uit finansieringsaktiwiteite	**(11.4)**	**(0.6)**	**(8.0)**
Totale toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente vir die jaar	**(77.8)**	**(65.4)**	**38.2**
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	62.1	23.9	23.9
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	**(15.7)**	**(41.5)**	**62.1**

WESENSVERDIENSTE

	Ongeouditeer 6 maande geëindig 31 Augustus 2018 R'm	Ongeouditeer 6 maande geëindig 31 Augustus 2017 R'm	Geouditeer 12 maande geëindig 28 Februarie 2018 R'm
Toeskryfbare wins	24.7	20.4	46.3
(Wins)/Verlies met die verkoop van bates	(0.2)	-	(0.2)
Billikewaarde-aansuiwerings	-	-	-
Wesensverdienste vir die tydperk	24.5	20.4	46.1

FINANSIËLE HOOGTEPUNTE EN STATISTIEK

Aantal gewone aandele uitgereik	'000	17,181	17,181	17,181
Geweegde gemiddelde aantal gewone aandele uitgereik	'000	17,181	17,181	17,181
Basiese verdienste per aandeel	(sent)	144	119	270
Wesensverdienste per aandeel	(sent)	143	119	268
Netto batewaarde per aandeel	(sent)	2,034	1,872	1,958